

25 Augustus

Skrifgedeelte: Kolossense 3:1-4
Fokusgedeelte: Kolossense 3:2 (NAV)

Rig die gedagtes op die dinge wat daarbo is

Waaroor dink jy? Wat is die dinge wat hoofsaaklik in ons gedagtes die botoon voer? Ons pak elke dag met sekere doelwitte aan. Ons begin elke dag deur te dink aan wat “ek” wil hê, wat “ek” moet doen. En dit waaroor ons elke dag dink en in ons gedagtes as belangrik bepaal, is die dinge waarmee ons onself besig hou.

In Kolossense 3:2 het ons nou gelees dat ons ons gedagtes moet *rig*. Mens kan eintlik maar sê dat ons gedagtes 'n sekere rigting moet inslaan. Om 'n mens se gedagtes rigting te gee, is uiters belangrik, want die dinge wat ons oordink word die dinge wat ons doen.

Wanneer mens se gedagtes besig is met aardse dinge, dan is dit waarmee ons onself gaan besig hou. Die aardse dinge waarvan vers 2 praat is die aardse begeerlikhede. In Jakobus 1:14 staan daar: ¹⁴ *'n mens word verlei deur sy eie begeertes wat hom aanlok en saamsleep.* ¹⁵ *Daarna, as die begeertes bevrug geraak het, bring dit die sonde voort; en as die sonde ryp geword het, loop dit uit op die dood.*

Wanneer ons met aardse begeerlikhede in ons gedagtes besig is, word dit ook ons dade – dit is sonde en die sonde lei tot die dood.

Daarom staan daar dat ons gedagtes gerig moet wees op *die dinge wat daarbo is*. Die vaste wete dat Christus opgestaan het uit die dood as Oorwinnaar en Heerser, moet reeds aan ons gedagtes rigting gee. Sy koninkryk moet verkondig word deur ons getuienis.

Wanneer ons gedagtes besig is met die Koningskap van Christus en die verkondiging daarvan, sal dit ook in ons daaglikse lewe uitvloei kry. Dan sal ons wandelende getuies wees van Christus se heerskappy in ons lewens.

Mag die Heilige Gees ons elkeen versterk en ons help om ons gedagtes gerig te hou op Christus, ons Koning.

Sing: Psalm 99:1, 4 (1936)

Ds. D Kotzee (Sanveld)